higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

LEWENSORIËNTERING

(Tweede vraestel)

NKR VLAK 3

(7601023)

18 Februarie 2020 (X-vraestel)
09:00–11:00

Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.

004Q2S2018

Kopiereg voorbehou

TYD: 2 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.

2. Lees al die vrae noukeurig deur voordat jy dit beantwoord.

3. Hierdie vraestel bestaan uit drie afdelings:

   Afdeling A: Woordverwerking (40 punte – 43 minute)
   Afdeling B: Sigblad (40 punte – 53 minute)
   Afdeling C: Aanbieding (PowerPoint) (20 punte – 24 minute)

4. Nommer jou DRUKSTUKKE volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

5. Die tyd wat aan die begin van elke vraag aangedui word, is 'n riglyn om jou te help om die vraestel betyds te voltooi.

6. Die tyd wat vir hierdie vraestel toegewys is, sluit druktyd in.

7. Dit is jou verantwoordelikheid om jou werk gereeld te stoor om verlies van ingesleutelde data tydens 'n kragonderbreking te voorkom. Geen ekstra tyd sal toegelaat word om verlore werk oor te doen nie.

8. In die geval van 'n rekenaar- of drukkerdefek sal die toesighouer die nodige reëlings tref sodat jy met die eksamen kan voortgaan en die werklike tyd wat verlore gegaan het, sal bykomend toegelaat word.

9. Jou EKSAMENNOMMER en SENTRUMNOMMER moet op die voorkant van die EKSAMENOMSLAG aangebring word en in die sagtewareweergawe moet hierdie getalle boaan die dekblad aangedui word (byvoorbeeld MS Office 2003).

10. Maak seker dat elke DRUKSTUK die VRAAGNOMMER en EKSAMENNOMMER vertoon, soos beveel.

11. EKSAMENNOMMERS wat neergeskryf is, is onaanvaarbaar. Punte sal nie toegeken word vir enige DRUKSTUKKE sonder 'n gedrukte EKSAMENNOMMER nie.

12. Rangskik jou drukstukke in DIESELFDE VOLGORDE as dié van die vrae in die vraestel. Slegs EEN DRUKSTUK per vraag mag ingelewer word.

Kopiereg voorbehou

13. Elke antwoord moet op 'n afsonderlike bladsy gedruk word. Gebruik slegs EEN kant van die bladsy.

14. Die speltoetser mag gebruik word.

15. Jy word NIE toegelaat om enige studiemateriaal (aantekeninge, handboeke of inligtingstukke) in die eksamenlokaal in te neem nie.

16. Werk netjies.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A: WOORDVERWERKING

VRAAG 1 **TYD: 21 MINUTE**

Jou kampusbestuurder het jou versoek om ’n artikel te skryf wat daarop gerig is om jou medestudente oor die HOVIGS-studentedialoog-inisiatief in te lig.

1.1 Sleutel die dokument in, soos hier onder gegee. (10)

1.2 Gebruik fonttipe Baskerville Old Face, grootte 14. (2)

1.3 Voeg jou EKSAMENNOMMER middelbelyn as voetskrif en VRAAG 1 in hoofletters regsgerig in. (2)

1.4 Verander die opskrif na fonttipe BRITANNIC BOLD, grootte 18 en regsgerig. (3)

1.5 Dubbelonderstreep die hoofopskrif, soos hier onder aangedui. (1)

1.6 Justeer die res van die dokument volledig. (1)

1.7 Stoor die dokument as HOVIGS-studentedialoë op jou skyf of volgens jou kollege-eksamenregulasies.

1.8 Druk die antwoord op EEN portretbladsy en plaas dit in jou EKSAMENOMSLAG. (1)

[20]

HOVIGS-studentedialoë oor seksuele en geslagsgebaseerde geweld

1. HOVIGS-studentedialoë oor seksuele en geslagsgebaseerde geweld is 'n inisiatief van die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding. Die inisiatief is daarop gerig om die departement se nuwe planne te bevorder wat ontwerp is om aandag aan die hoë voorkoms van verkragting en geslagsgebaseerde geweld aan universiteite en TBOO-kolleges te gee.

2. Die inisiatief maak deel uit van die departement se strategieë wat onlangs in werking gestel is om MIV/VIGS-voorkoming en ondersteuning te versterk en te bevorder, asook ander inisiatiewe om risiko's vir die studente se gesondheid in hierdie instellings te hanteer. Hierdie risiko's sluit in alkohol- en dwelmmisbruik, wat bevind is dat dit geweld teen vroulike studente vererger. Dit stel hulle weer bloot aan seksueel oordraagbare infeksies soos MIV/VIGS en sifilis.

3. Alle studente word derhalwe aangemoedig om vertroud te raak met hierdie inisiatief deur die HOVIGS-pamflette en -brosjures te lees wat by die kantore van die studentehulpdienste (SHD) aangetref word.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2 **TYD: 22 MINUTE**

2.1 Herwin die antwoord wat jy as HOVIGS-studentedialoë gestoor het.

2.2 Verwyder die voetskrif en vervang dit deur 'n kopskrif met jou EKSAMENNOMMER linksgerig en VRAAG 2 (regsgerig). (2)

2.3 Voeg die bladsybreuk in, soos hier onder aangedui. (1)

2.4 Tik die nuut ingevoegde inligting in sodat dit op die tweede bladsy verskyn. (4)

2.5 Verander die nuwe opskrif, '*Voordele van deelname* .... na fonttipe Cooper Black, grootte 14. (2)

2.6 Voeg 'n tabel met TWEE kolomme en VYF rye in. (1)

2.6.1 Verander die kolomopskrifte 'MITES' en 'FEITE' sodat dit in vetdruk, onderstreep en middelbelyn verskyn. (3)

2.6.2 Bring 'n raam om die tabel aan, soos aangedui. (1)

2.6.3 Arseer die inligting in die linkerkolom deur liggrys arsering te gebruik. Maak seker dat die teks leesbaar is. (1)

2.6.4 Nommer die inligting in die linkerkolom deur gebruikmaking van Romeinse syfers, soos aangedui. (1)

2.6.5 Nommer die inligting in die regterkolom deur gebruikmaking van die alfabet, soos hier onder aangedui. (1)

2.7 Verander die slagspreuk 'Oorwin die MIV-virus.....' sodat die middelbelyn en kursief is. (2)

2.8 Stoor die dokument as PORTUURGROEPDRUK 2 op jou skyf of volgens jou kollege-eksamenregulasies.

2.9 Druk die antwoord op TWEE portretbladsye en plaas dit in jou EKSAMENOMSLAG. (1)

[20]

Kopiereg voorbehou

HOVIGS-studentedialoë oor seksuele en geslagsgebaseerde geweld

1. HOVIGS-studentedialoë oor seksuele en geslagsgebaseerde geweld is ’n inisiatief van die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding. Die inisiatief is daarop gerig om die departement se nuwe planne te bevorder wat ontwerp is om aandag aan die hoë voorkoms van verkragting en geslagsgebaseerde geweld aan universiteite en TBOO-kolleges te gee.

2. Die inisiatief maak deel uit van die departement se strategieë wat onlangs in werking gestel is om MIV/VIGS-voorkoming en ondersteuning te versterk en te bevorder, asook ander inisiatiewe om risiko's vir die studente se gesondheid in hierdie instellings te hanteer. Hierdie risiko's sluit in alkohol- en dwelmmisbruik, wat bevind is dat dit geweld teen vroulike studente vererger. Dit stel hulle weer bloot aan seksueel oordraagbare infeksies soos MIV/VIGS en sifilis.

3. Alle studente word derhalwe aangemoedig om vertroud te raak met hierdie inisiatief deur die HOVIGS-pamflette en -brosjures te lees wat by die kantore van die studentehulpdienste (SHD) aangetref word.

----------Voeg bladsybreuk hier in----------

Voordele van deelname aan HOVIGS-studentedialoë

Font: Cooper black grootte 14

Die HOVIGS-dialoë sal jou help om tussen mites en feite oor MIV/VIGS te onderskei, soos hier onder aangedui:

Vetdruk, onderstreep en sentreer

Voeg tabel in

MITES		FEITE
I.	Ek kan sien dat my maat MIV-positief is.	a) ’n Mens kan nie ’n ander persoon se MIV-status vasstel deur na hom/haar te kyk nie.
II.	Om MIV-positief te wees, beteken dat my lewe verby is.	b) MIV-positiewe mense kan lang en gesonde lewens lei.
III.	MIV is 'n homoseksuele siekte.	c) Enigeen kan met die virus geïnfekteer word, ondanks hul seksuele oriëntasie.
IV.	Ek sal van MIV genees word as ek met ’n minderjarige gemeenskap het.	d) Daar is tans geen geneesmiddel vir MIV nie.

Oorwin die MIV-virus in ons leeftyd, sluit aan by die revolusie!

Middelbelyn en kursief

TOTAAL AFDELING A: 40

Kopiereg voorbehou

AFDELING B: SIGBLAD

VRAAG 3 **TYD: 10 MINUTE**

Jy word versoek om 'n sigblad te skep waarop jy al die risikogedrag opteken wat jy tydens jou navorsing as 'n portuuropvoeder ondersoek het.

3.1 Gebruik MS Excel en sleutel die sigblad hier onder in. Moenie die ry- en kolomopskrifte (rame) insleutel nie. Dit is slegs ingevoeg om aan te dui watter selle gebruik behoort te word. Jy word gepenaliseer wanneer foutiewe seladresse gebruik word. (4)

3.2 Voeg in jou EKSAMENNOMMER, SEL (A1) en VRAAG 3, SEL (E1), soos aangedui. (2)

3.3 Gebruik die font Arial grootte 10. (2)

3.4 Pas die kolomwydtes aan sodat die inhoud daarin pas, soos aangedui. (1)

3.5 Stoor die sigblad as KOLLEGE HOVIGS BEGROTING 1 op jou skyf of volgens jou kollege se eksamenregulasies.

3.6 Druk die sigblad sonder ry- en kolomopskrifte op EEN A4-portretbladsy en plaas die drukstuk in jou EKSAMENOMSLAG. (1)

[10]

	A	B	C	D	E
1	EKSAMENNOMMER				VRAAGNO:
2	KOLLEGEBEGROTING VIR HOVIGS-PROGRAMME VIR 2019 EN 2020 AKADEMIESE JARE				
3					
4	NAAM VAN PROGRAM	AKADEMIESE JAAR: 2019	AANTAL AKTIWITEITE	AKADEMIESE JAAR: 2020	AANTAL AKTIWITEITE
5	Mansgesondheidsprogram	35 000	5	38 500	7
6	Belangrikste ding eerste	24 500	4	28 500	5
7	Vrouegesondheidsprogram	28 000	4	31 950	6
8	Kampusgesondheidsdienste	38 880	4	40 700	5
9	LGBTI-gemeenskapsdienste	11 500	2	13 550	3
10	Toekomstige geleenthede	19 500	3	23 900	4

VRAAG 4 **TYD: 30 MINUTE**

Maak die sigblad oop wat jy in VRAAG 3 geskep het en bring die volgende veranderinge aan:

4.1 Verander VRAAG 3 na VRAAG 4. (1)

4.2 Voeg nuwe kolomme en nuwe rye in, soos aangedui. (2)

4.3 Maak kolomopskrifte vetdruk en middelbelyn. (2)

4.4 Verander die font van die hoofopskrif na Elephant grootte 12. (2)

4.5 Onderstreep die hoofopskrif. (1)

4.6 Verskaf formules waar die letters van die alfabet oënskynlik die volgende berekenings doen:

A GEKOMBINEERDE BEGROTING VIR ELKE PROGRAM = SOM van 2019 en 2020-begrotings vir elke program.

B TOTALE AKTIWITEITE VIR 2019 = Som van alle aktiwiteite vir 2019-akademiese jaar.

C LAAGSTE BEGROTING VIR 2019 = Bereken die minimum 2019-begroting.

D HOOGSTE BEGROTING VIR 2020 = Bereken die maksimum 2020-begroting.

E GEMIDDELDE AKTIWITEITE vir 2020- akademiese jaar = Bereken die gemiddelde aantal aktiwiteite vir 2020- akademiese jaar.

(5 × 1) (5)

4.7 Vertoon syfers in kolomme B, D en F in Suid-Afrikaanse geldeenheid (R) met TWEE desimale. (1)

4.8 Voeg die horisontale en vertikale lyne in, soos aangedui. (1)

4.9 Stoor die sigblad as KOLLEGE HOVIGS BEGROTING 2 op jou skyf of volgens jou kollege se eksamenregulasies.

4.10 Druk die sigblad sonder ry- en kolomopskrifte op EEN A4-landskapbladsy en plaas die drukstuk in jou EKSAMENOMSLAG. (1)

[16]

Kopiereg voorbehou

Voeg kolom in

	A	B	C	D	E	F
1	EKSAMENNOMMER				VRAAGNO:	
2	KOLLEGEBEGROTING VIR HOVIGS-PROGRAMME VIR 2019 EN 2020 AKADEMIESE JARE					
3						
4	NAAM VAN PROGRAM	AKADEMIESE JAAR: 2019	AANTAL AKTIWITEITE	AKADEMIESE JAAR: 2020	AANTAL AKTIWITEITE	GEKOMBINEERDE BEGROTING VIR 2019 EN 2020
5	Mansgesondheidsprogram	35 000	5	38 500	7	**A**
6	Belangrikste ding eerste	24 500	4	28 500	5	
7	Vrouegesondheidsprogram	28 000	4	31 950	6	
8	Kampusgesondheidsdienste	38 880	4	40 700	5	
9	LGBTI-gemeenskapsdienste	11 500	2	13 550	3	
10	Toekomstige geleenthede	19 500	3	23 900	4	
11	TOTALE AKTIWITEITE VIR 2019		**B**			
12	LAAGSTE BEGROTING VIR 2019	**C**				
13	HOOGSTE BEGROTING VIR 2020			**D**		
14	GEMIDDELDE AKTIWITEITE VIR 2020				**E**	

Voeg rye in

VRAAG 5 **TYD: 5 MINUTE**

Maak die sigblad oop wat jy in VRAAG 4 geskep het en volg die onderstaande instruksies.

5.1 Verander VRAAG 4 na VRAAG 5. (1)

5.2 Toon die formules. (5)

5.3 Verander die kolomwydte om alle formules volledig te vertoon. (1)

5.4 Stoor die sigblad as KOLLEGE HOVIGS BEGROTING 3 op jou skyf of volgens jou kollege se eksamenregulasies.

5.5 Druk die sigblad op EEN A4-landskapbladsy en plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG. (1)
[8]

VRAAG 6 **TYD: 8 MINUTE**

Maak die sigblad oop wat jy in VRAAG 4 geskep het en volg die onderstaande instruksies.

6.1 Voeg 'n LYNGRAFIEK in om die begrotings vir die 2019- en 2020-akademiese jaar te vergelyk. (1)

6.2 Voeg die Y-as met die volgende titel in: GEPROJEKTEERDE BEGROTING (1)

6.3 Voeg die a-as in met die volgende titel: NAME VAN PROGRAMME (1)

6.4 Voeg die volgende titel bo in die middel in:

2019 en 2020- GEPROJEKTEERDE BEGROTINGS VIR HOVIGS-BEGROTING
JOU EKSAMENNOMMER
VRAAG 6 (2)

6.5 Stoor die sigblad as KOLLEGE HOVIGS BEGROTING 3 op jou skyf of volgens jou kollege se eksamenregulasies.

6.6 Druk die tabel as 'n nuwe bladsy en plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG. (1)
[6]

TOTAAL AFDELING B: 40

Kopiereg voorbehou

AFDELING C: AANBIEDING (POWERPOINT)

VRAAG 7 **TYD: 24 MINUTE**

Daar word van jou verwag om 'n skyfievertoning van DRIE skyfies te skep deur van MS PowerPoint gebruik te maak.

7.1 Sleutel die teks vir die 3 skyfies in volgens die instruksies wat hier onder gegee word. (4)

7.2 SKYFIE 1: TITELSKYFIE. (1)

7.2.1 Vertoon die hoofopskrif in vetdruk en middelbelyn. (1)

7.2.2 Die hoofopskrif moet kursief wees. (1)

7.2.3 Redigeer die subtitel sodat dit in fonttipe Berlin Sans FB, grootte 36 verskyn. (1)

7.3 SKYFIE 2: TITEL EN 2 KOLOMME. (1)

7.3.1 Vertoon die hoofopskrif 'Vermy die volgende' in Broadway grootte 40. (1)

7.3.2 Nommer die inligting in die linkerkolom presies soos hier onder aangedui. (1)

7.3.3 Regsbelyn die inligting in die linkerkolom. (1)

7.3.4 Nommer die inligting in die regterkolom deur gebruikmaking van Romeinse syfers, soos aangedui. (1)

7.3.5 Redigeer die woord 'huishouding' in Romeinse skrif om in vetdruk te verskyn. (1)

7.4 SKYFIE 3: Titel en teks (1)

7.4.1 Tik die titel deur die fonttipe ALGERIAN te gebruik. (1)

7.4.2 Voeg kolpunte in, soos aangedui. (1)

7.5 Kies enige ontwerp wat jou aanbieding aantreklik sal laat lyk. (1)

7.6 Voeg voetskrif in met EKSAMENNOMMER en VRAAGNOMMER 7 middelbelyn om in AL DRIE skyfies voor te kom. (1)

7.7 Stoor die aanbieding as VRAAG 7 volgens jou kollege se eksamenregulasies.

7.8 Druk die skyfies as volbladskyfies sodat dit op DRIE bladsye verskyn en plaas in die EKSAMENOMSLAG. (1)

[20]

Kopiereg voorbehou

SKYFIE 1: TITEL VAN SKYFIE

Vetdruk, gesentreer, kursief

SÊ NEE VIR SLEGTE INVLOED!

Slegte geselskap kan jou toekoms vernietig.

Berlin Sans FB, grootte 36

SKYFIE 2: SKYFIE VAN TITEL EN 2

Vermy die volgende

Broadway, grootte 40

1) Om alleen te loop
2) Om saamrygeleenthede van vreemdelinge te aanvaar
3) Om persoonlike inligting op sosiale media te deel
4) Om seksuele gunste aan ouer mans te gee in ruil vir geskenke

i. Dwelms
ii. Alkohol
iii. Inhalente
iv. Huishoudelike middels (GOM/SPIRITUS)

Nommer linkerkolom
Regsbelyn linkerkolom

Nommer regterkolom
Huishouding - Vetdruk

SKYFIE 3: TITEL EN TEKS

Maak vriende met mense wat jou lewe verryk

Font - Algerian

Vriende wat die volgende kenmerke besit:
- Positief
- Hardwerkend
- Gesonde sosialisering
- Verbind tot studies

Voeg kolpunte in

TOTAAL AFDELING C: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou